



## **DIE STRANDLOPERS**

Hierdie is die eerste verslag vanjaar.

### **Politiek**

- Tans is die politiek in Afrika noord van die Sahara baie meer deurmekaar as in Afrika suid van die Sahara. Die redes vir die huidige onrus word gevind in korrupsie, armoede, werkloosheid – veral onder die jeug – en gebrek aan ‘n demokratiese politieke bestel. Die vrese bestaan dat hierdie onrus na ander dele van die Midde-Ooste kan versprei en die reeds onrustige politieke toneel verder kan destabiliseer. Onrus dreig ook in die Soedan waar die suide – met die grootste deel van die land se olierykdom – aangedui het dat hulle eerder van die noorde wil afskei. Die huidige onrus het die olie- en goudprys laat styg en beïnvloed die internasionale finansiële markte met die dollar wat versterk en beleggings wat vanuit ontluikende markte onttrek word.
- Plaaslik is die aandag gevestig op die gesondheidstoestand van oud-president Mandela en die vrese dat sy dood tot onrustigheid sal lei. Dit herinner aan die vrese rondom die 1994 politieke oorgangstydperk. Tans wil dit voorkom asof daar egter nie soseer blikkieskos opgegaan word nie, maar wel dollars. Gelukkig dat daar tans heelwat meer invloedryke politieke mense met gevestigde finansiële belange is as in 1994.
- Baie van dieselfde faktore wat tans tot die onrus in noord-Afrika lei, is ook in ons gemeenskap aanwesig. Om werkloosheid noemenswaardig in die volgende tien jaar aan te spreek, sal baie meer diepliggende veranderings verg as die “beperkende groeiplan” wat tans op die tafel is.
- Dit wil voorkom asof die winterkoue en honger die energie van Noord-Korea om allerlei kapperjolle aan te vang ietwat gedemp het.
- Die ekonomiese probleme van die Europese Olyfgordel plus Ierland –voorheen die PIIGS lande – kan verdere politieke onrustigheid in van hierdie lande veroorsaak. Hierdie situasie lei ook tot politieke spanning in Duitsland weens die “geestelike” tweestryd om of die eurogebied met belastingbetalersgeld te red of toe te laat dat die gebied uitmekaar val.
- Die fiskale dissipline in die VK, kan in komende maande tot verdere tamatie- en eieraanvalle op die kroonprins en sy vrou tjie se motor lei.
- Die Obama-administrasie sal in die volgende twee jaar netjiese voetwerk aan die dag moet lê om al hul wetgewende planne te kan deurvoer. Dit sal die vermoë om die ernstige finansiële en ekonomiese probleme daadwerklik aan te spreek, beperk.

### **Internasionaal**

- Die fokus van die Obama-administrasie is op die vermindering van die sowat 9.5% werkloosheidsyfer binne die komende twee jaar. Die resep hiervoor is ‘n voortsetting van groot fiskale tekorte en monetere stimulus. Dit beteken dat die staat steeds groot bedrae geld op die kapitaalmarkte sal moet leen, tewel die Federale Reserweraad korttermynrentekoerse op lae vlakke sal hou in die res van die jaar en sal voortgaan met geldskepping. Die verwagting is dat hierdie beleid groei van 3% of selfs meer sal meebring in 2011. Tans is daar nie aanduidings dat inflasie in die res van die jaar ‘n probleem sal word nie, maar die voortsetting van die huidige beleid kan wel inflasie een of ander tyd skerp laat toeneem.
- In die VK is die vrees dat inflasie op onaanvaarbare vlakke van meer as 3% sal bly, niteenstaande ekonomiese groei beperk word deur die strengere fiskale beleid. Werkloosheid kan in die res van die jaar verder styg.



- In Euroland word groei in die Olyfgordel plus Ierland beperk deur die strenger fiskale beleid wat gevolg word. Dis 'n poging om groot begrotingstekorte te beperk wat veral in Ierland en Spanje die gevolg was van die swakker eiendomsmark wat die banksektor onder druk geplaas het. Dit het regerings genoep om die banksektor te ondersteun deur hulppakette wat groot fiskale tekorte veroorsaak. Die onsekerhede wat met hierdie situasie gepaardgaan veroorsaak dat die euro dikwels onder druk kom teenoor ander geldeenhede. Duitsland baat op sy beurt by die swakker euro en ervaar tans sterk groei weens beter uitvoere. Duitsland moet egter in baie gevalle pa staan vir die groot finansieringspakette wat die ander lande aan die gang moet hou. Hiervan hou die Duitse belastingbetalers niks nie. Die verwagting is egter dat die Duitse ekonomie vanjaar weer eens sterk groei sal toon terwyl baie van die ander lande tans sukkel om selfs positiewe groei te toon. Aanduidings is dat korttermyn eurokoerse deur die Europese sentrale bank op die huidige lae vlakke sal bly tot minstens die einde van 2011 – selfs al is die inflasiekoers tans reeds op 2.4% teenoor die 2% mikpunt.
- In Japan word verwag dat inflasie vir die tweede opeenvolgende jaar negatief sal wees en dat die sentrale bank rentekoerse tot minstens die einde van 2011 op nul vlakke sal hou. Groei sal ook verlangsaam van die 2010 vlak.
- Die verwagting dat China se inflasie 'n probleem sal wees en tot vlakke van 5% of meer kan beweeg sal tot verdere verstraming van die monetêre beleid lei deurdat banke meer reserwes sal moet hou en rentekoerse verder styg. Die verwagting is dat die ekonomie wel sal afkoel tot sowat 9.5% teenoor die 10.3% groei wat in 2010 behaal is.
- Ander lande in die Verre-Ooste sal na verwagting ook strenger fiskale en monetêre beleide volg om te voorkom dat inflasie in die lande 'n té ernstige probleem word.
- Langtermynrentekoerse het in al die groot nywerheidslande sedert November 2010 begin styg en die tendens sal na verwagting in 2011 voortgesit word. Alternatiewe beleggingsmoontlikhede sal dus gesoek word.
- Algemene kommoditeitspryse het die afgelope tyd aanhou styg. Hierdie tendens sal in 2011 voortgesit word, maar heel moontlik nie teen dieselfde tempo as in 2010 nie. Pryse word ondersteun deur voortgesette ekonomiese groei, die gepaardgaande vraag na kommoditeite – veral vanuit China – baie lae korttermynrentekoerse wat die beleggingsvraag stimuleer en enige verswakking van die dollar. Landboukommoditeite styg ook weens spesifieke omstandighede in die landbou, maar ook omdat voorrade tans op lae vlakke is. Dit kan wêreldwyd tot hoër inflasie lei.
- Die goudprys is die afgelope tyd ondersteun deur die onsekerhede op die internasionale finansiële markte, lae internasionale korttermynrentekoerse, enige verswakking van die dollar. In die jongste tyd is die goudprys tydelik ondersteun deur die politieke onrus in Egipte en die vrees dat dit na die res van die Midde-Ooste kan versprei.
- Die olieprys is die afgelope tyd ondersteun deur die buitengewone koue wat die noordelike halfrond beleef – blykbaar weens aardverhitting – voorgesette ekonomiese groei wat in 2011 verwag word, asook die vloede in Australië wat steenkoolproduksie en -vervoer in die wiele gery het. In die lig van voorraadvlakke wat hoër is as die gemiddelde van die laaste vyf jaar, het OPUL nog nie besluit om produksie te verhoog nie. Die verwagting is dat die olieprys in 2011 die \$100 vlak kan toets, maar prysbewegings van tussen \$65 en \$95/vat word wel verwag.



## Plaaslik

- Aanduidings is dat die plaaslike ekonomie met tussen 3% en 3.5% in 2011 kan groei teenoor die groeikoers van 3% of minder in 2010. Groei sal steeds gestimuleer word deur binnelandse verbruikersvraag. Dit sal ondersteun word deur verdere belastingverligting voor die volgende plaaslike verkiesing, asook verdere uitbreiding van welsynsbetalings, lae invoerpryse en matige herstel van bankkrediet toegestaan. Hopelik sal vaste investering van die openbare sektor ook weer beter groei toon nadat Eskom byvoorbeeld suksesvol was om buitelandse lenings aan te gaan. Die aanduidings is dat die produksiesektore van die ekonomie steeds swaar sal kry om mededingend in plaaslike en internasionale handelsmarkte te wees.
- Weens die voortgesette stimulering van verbruikersvraag, terwyl die produksiesektore nie ondersteuning kry nie, sal die tekort op die handelsrekening van die betalingsbalans voortduur. Terselfdertyd sal die tekort op die diensterekening ook voortduur. Die gevolglike tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans wat in 2010 minder as R100 miljard kon wees, sal steeds deur die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal gefinansier word. Hierdie kapitaalvloei bly egter riskant soos aan die einde van 2010 en begin van 2011 gesien is in die groot uitvloei van buitelandse kapitaal wat plaasgevind het. Alhoewel die betalingsbalans steeds onder beheer is, bly die risiko's baie hoog weens die korttermyn aard van die kapitaalinvloei wat die land help om bo sy produksievermoë te leef.
- Die sentrale regeringsbegroting op 23 Februarie sal na verwagting aandui dat die tekort aansienlik minder is as wat aanvanklik begroot is. Hierdie welkome tendens – veral gegewe die probleme wat menige ontwikkelde land tans ervaar – is veral te danke aan die beter as verwagte ekonomiese groei met gevolglike groter as verwagte belastinginkomste. Die verwagting is dat die begroting weer eens belastingverligting sal gee aan laer inkomstegroepe terwyl welsynstoelaes toeneem. Die ekonomiese probleme wat ervaar word weens die owerhede se fokus op die stimulering van verbruik eerder as produksie, sal na alle verwagting voortduur. Die finansies van provinsiale owerhede bly redelik goed onder beheer, terwyl daar geen oplossings in sig is vir die probleme wat plaaslike owerhede ervaar nie.
- Inflasie soos deur die verbruikersprysindeks aangetoon, sal na die gemiddelde van 4.3% in 2010, tot sowat 5% vanjaar versnel. Die risiko's vir die inflasiekoers bly enige noemenswaardige verswakking van die rand, voedselpryse wat vinnig styg, aansienlik vinniger toenames in salarisse en lone as in produktiwiteit en inflasie en voortgesette sterk toenames in administratiewe pryse.
- Soos in 'n vorige Strandloper verwag, was die matriekresultate aansienlik beter as voorspel – seker weens die goeie rusperiode wat leerders tydens die sokkertoernooi gehad het en omdat onderwysers tydens die staking, nie die leerders gehinder het wanneer hulle studeer het nie! Ongelukkig plaas die goeie resultate die kwaliteit van die slaagsyfer onder verdenking. Die gebrek aan opgeleide menslike hulpbronne, tesame met die oormatige inmenging van die staat in die werking van die ekonomie, bly een van die belangrikste faktore wat die groeipotensiaal van die land knel. Geen korttermyn oplossing word vir hierdie probleme gesien nie.
- Korttermynrentekoerse sal na verwagting sywaarts beweeg tot die einde van die jaar. Enige sterk toename in die inflasieverwagtinge vir die volgende agttien tot vierentwintig maande kan wel rentekoerse vroeër as tans verwag, laat styg.
- Langtermynrentekoerse het in navolging van die internasionale tendense asook die aanduiding van die Reserwebank dat rentekoerse nie verder verlaag sal word nie, begin styg. Tesame met die voortgesette groot vraag van die openbare sektor, is die



aanduidings dat kapitaalmarkrentekoerse in die res van die jaar onder verdere opwaartse druk kan verkeer.

### **Beleggingsomgewing**

- Die verwagting is dat die wisselvalligheid op die valutamarkte sal voortduur. In tye van politieke en finansiële onsekerhede sal die dollar steeds in aanvraag wees en teenoor ander geldeenhede versterk.
- Internasionale korttermynrentekoerse sal op die huidige lae vlakke vir die grootste gedeelte van 2011 bly en beleggers en spekulante sal die geleentheid benut om geld in hierdie markte te leen en in die valutamarkte, effektebeurse en kommoditeitsmarkte na beter opbrengste te gaan soek. Die verwagting is wel dat hierdie rentekoerse in die Verre-Ooste en lande soos Australië verder kan styg in die loop van 2011.
- Internasionale kapitaalmarkrentekoerse sal na verwagting aanhou styg weens die vrees dat inflasie mettertyd weer 'n ernstige probleem sal word. Dit sal meebring dat kapitaal van hierdie mark na valutamarkte, effektebeurse en kommoditeitsmarkte vloei. Dit wil voorkom asof die oormatige stroom geld wat die afgelope jaar of twee na die kapitaalmarkte gevloei het, nou 'n ander heenkome sal soek.
- Weens die uitvloei van kapitaal uit die langtermyn effektemarkte kan aandeelbeurse vanjaar 'n groter invloed kry.
- Plaaslik word verwag dat korttermynrentekoerse tot die einde van die jaar sywaarts kan beweeg. Dit sal beleggers en spekulante dwing om steeds alternatiewe opsies te ondersoek.
- Kapitaalmarkrentekoerse kan in navolging van internasionale tendense asook die groot openbare sektor vraag na langtermyn kapitaal, hul huidige opwaartse tendens in 2011 volhou. Dit sal spekulante of korttermyn beleggers in hierdie markte noop om ook 'n ander heenkome te soek.
- Die aanduidings is dat die plaaslike aandelebeurs 'n verdere invloed van kapitaal kan verwag weens die swakker opbrengste wat in ander markte verkry kan word. Nogtans sal die plaaslike mark deur internasionale tendense asook enige onsekerhede rondom ontluikende lande van tyd tot tyd benadeel word.
- Die rand het die afgelope paar weke verswak weens die politieke onsekerhede in ontluikende lande en plaaslik weens die siekte van oud-president Mandela, maar veral weens die groot winsneming in die kapitaalmark en gevolglike uitvloei van buitelandse kapitaal. Hierdie situasie kan nog voortduur, maar oor die algemeen het die faktore wat oor die afgelope twee jaar die rand ondersteun het, nie verander nie. Die verwagting is dus dat die rand steeds vir die grootste gedeelte van 2011 ondersteun sal word deur lae internasionale korttermynrentekoerse en die soeke na beter opbrengste in ontluikende lande in die algemeen. Hou wel in gedagte dat weens die goeie finansiële stelsel van die RSA, die rand baie wisselvallig kan wees.

Ulrich Joubert  
29 Januarie 2011.